MM 28

~~Dept~~

HUMANITAS
RGN • HSRC

# werkgeleenthede in die oos-transvaalse grensgebiede

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068 HSRC
MM 28

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

NG

VERVALDATUM/DATE DUE

-9. 7. 76
10. 8. 79
1983 -03- 31

Telefoon 48-3

gramme: RAGEN

President: Dr.

Vise-president

Sekretaris: Me

sternr./No.
21976/2
R
SWETENSKAPLIKE
SING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

W.P. 809 7/69

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

**Funksie van die RGN**

**Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.**

21976/2

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE IN DIE OOS-TRANSVAALSE GRENSGEBIEDE

P. HARTMAN, B.A.
S. S. TERBLANCHE, B.Sc., B.A.(Hons.)

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING
DIREKTEUR: MNR. W. VERHOEF

0000422162
2844363866

PRETORIA
1972

Verslag nr. **MM-28**

Kopiereg voorbehou

Prys R1.45

001.3072068 HSRC MM 28
*042216*

Hierdie publikasie en alle ander RGN-publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar by
**VAN SCHAIK-BOEKHANDEL**
**Posbus 724,**
**PRETORIA**

ISBN 0 86965 063 7

# VOORWOORD

Betroubare gegewens oor werkgeleenthede in die grensnywerhede is vir beplan=ningsdoeleindes belangrik. Baie van die nywerhede is naby Bantoetuislande geleë en ge=gewens oor beroepsverspreiding en kwalifikasievereistes van werkgeleenthede kan vir ny=werheidsontwikkeling in die tuislande self rigtinggewend wees. Verder kan die gegewens gebruik word as maatstaf vir die vordering wat met die beleid van nywerheidsdesentrali=sasie gemaak is.

Hierdie verslag oor werkgeleenthede in die sekondêre nywerhede in die Oos-Transvaalse grensgebiede is die derde in 'n reeks van vyf wat mettertyd al die sekondêre nywerhede in grensgebiede sal insluit. Die ander vier verslae het betrekking op die grensgebiede naby die Tswana-, die Transkeise en Ciskeise, die Noord-Sotho- en die Natalse tuislande.

Vir beplanningsdoeleindes word beoog om hierdie opnames van tyd tot tyd te her=haal.

'n Hartlike woord van dank aan die desentralisasieraad wat 'n lys van gebiede wat as grensgebiede beskou moet word, beskikbaar gestel het, en aan al die nyweraars wat in=ligting verskaf het.

PRESIDENT

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
20-2-1974
STANDKODE
001.3072068 HSRC
BESTELNOMMER
Admin G
REGISTERNOMMER
21976/2
2

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling | 1 |
| 1.2 | Omskrywing van begrippe | 1 |
| 1.3 | Metode | 2 |
| 2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 2 |
| 3 | WERKGELEENTHEID VOLGENS BEROEPSGROEP | 5 |
| 4 | ARBEIDSTEKORTE | 10 |
| 5 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE | 11 |
| 6 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE | 12 |
| 6.1 | Groei in werkgeleenthede Novemter 1969 tot November 1970 | 13 |
| 6.2 | Verwagte groei in werkgeleenthede vir die tydperk 1970 tot 1973 | 13 |
| 7 | SAMEVATTING | 16 |

TABELLE


| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | NYWERHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN NYWERHEIDSAKTIWITEITE | 3 |
| 2.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP | 3 |
| 2.3 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIKTE, NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP | 4 |
| 2.4 | GROOTTE VAN NYWERHEDE IN TERME VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWER= HEIDSEKTOR | 5 |
| 3.1 | BEROEPE AANGETREF IN DIE OOS-TRANSVAALSE GRENSGEBIEDE VOLGENS BE= ROEPSGROEP | 6 |
| 3.2 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR | 8 |
| 3.3 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN VOLKSGROEP | 9 |
| 3.4 | GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP, VOLKSGROEP EN GESLAG | 9 |
| 4.1 | ARBEIDSTEKORTE VOLGENS BEROEPS- EN VOLKSGROEP | 10 |
| 5.1 | WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE, BEROEPSGROEP EN VOLKSGROEP | 11 |
| 5.2 | KWALIFIKASIEVEREISTE ST.6 TOT ST.10 VOLGENS SKOLASTIESE EN BEROEPS= OPLEIDING EN VOLKSGROEP | 12 |
| 6.1 | GROEI IN WERKGELEENTHEDE NOVEMBER 1969 - NOVEMBER 1970 VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP | 13 |
| 6.2 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP 1970-1973 | 14 |
| 6.3 | VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP 1970-1973 | 15 |
| 6.4 | VERWAGTE VERMEERDERING VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN KWALIFIKASIEVEREISTE EN VOLKSGROEP | 15 |

# WERKGELEENTHEDE IN DIE OOS-TRANSVAALSE GRENSGEBIEDE

## 1 INLEIDING

### 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Amptelik het Suid-Afrika se beleid om nywerhede op die grense tussen Blanke en Bantoegebiede te vestig, in 1960 sy beslag gekry deurdat sekere toegewings aan nyweraars ten opsigte van byvoorbeeld vervoerrabatte in goedgekeurde gebiede aangekondig is. Dr. H.F. Verwoerd het die aangeleentheid egter reeds in 1950 in 'n toespraak genoem.(1)

Die beleid was aanvanklik gemik op die skepping van werkgeleenthede vir Bantoes in die tuislande en die stimulering van ontwikkeling in die tuislande self. Algaande het egter 'n verandering van die doelwitte ingetree. Die voorsitter van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging (tans die Nywerheidsdesentralisasieraad) verklaar in 'n toespraak dat dit nou gestel kan word, "that the policy of industrial decentralisation is no longer applicable to the peripheries of the Bantu homelands only ..." (2) Die be= leid kan dus vandag as 'n beleid van nywerheidsdesentralisasie beskou word. Volgens die jaarverslag van 1969 van die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging bly die klem van die beleid egter op die skepping van werkgeleenthede vir die Bantoe.

Die tempo vir die ontwikkeling van die grensnywerheidsgebiede word grootliks be= paal deur die beskikbare fondse en tegniese hulp vir ontwikkeling van die infrastruk= tuur in die voorgestelde nywerheidsgebiede. Gewoonlik beskik die plaaslike besture nie oor die nodige fondse om die ontwikkeling te inisieër nie. Ten einde nywerheidsontwik= keling aan te help, het die Staat die nodige masjienerie daargestel en die Departement van Beplanning gee, nadat alle faktore in ag geneem is, voorkeur aan ontwikkeling in sekere grensgebiede. In die Oos-Transvaalse grensgebiede word veral aandag gegee aan die ontwikkeling by Phalaborwa, wat binne die landdrosdistrik van Pelgrimsrust geleë is. Hierdie verslag, die derde in 'n reeks oor die werkgeleenthede in die grensgebiede, han= del egter nie slegs oor daardie spesifieke gebiede waar spesiale aandag aan gegee word nie, maar oor die werkgeleenthede in al die sekondêre nywerhede in al die grensgebiede wat naby die Bantoetuislande in Oos- en Noordoos-Transvaal geleë is. Die Desentrali= sasieraad beskou die volgende distrikte in hierdie gebied as grensgebiede: Messina, Soutpansberg, Letaba, Pelgrimsrust, Witrivier, Nelspruit en Lydenburg. Aangrensend aan hierdie distrikte is die tuislande van die Noord-Sotho, Shangana-Tsonga en Venda asook die Swazi gebiede.

Die doel met die ondersoek is om met betrekking tot grensgebiede in Oos-Trans= vaal -

(a) die werkgeleenthede soos dit tans (Nov. 1970) slegs in die <u>sekondêre ny= werhede</u> bestaan, te bepaal. Werkgeleenthede in die landbou, handel en ander bedryfs= takke is nie betrek nie;

(b) die toekomstige vraag na arbeid in die sekondêre nywerhede te bepaal, in= dien moontlik;

(c) die kwalifikasievereistes vir die onderskeie beroepe, soos deur die werk= gewers verlang, vas te stel.

Vervolgens sal in hierdie verslag na die sekondêre nywerhede as nywerhede ver= wys word.

### 1.2 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Die omskrywing van enkele begrippe is duidelikheidshalwe nodig.

#### 1.2.1 <u>Werkgeleenthede</u>

Vir die doel van die verslag word werkgeleenthede beskou as

---

(1) Potgieter, F.J. Die grensnywerheidskema in Suid-Afrika. Referaat gelewer by 'n kon= ferensie van die Instituut vir die bevordering van Calvinisme, Potchefstroom, 1970, p.1.

(2) a.w. p. 8

(a) gevulde poste, dit wil sê die getal werknemers en werkgewers wat self werk, en

(b) ongevulde poste, dit wil sê die getal werknemers wat onmiddellik bykomend tot dié in gevulde poste, in diens geneem kan word.

Omdat daar slegs 53 (0,2%) werkgeleenthede vir Kleurlinge en Asiate in hierdie gebied bestaan, word Kleurlinge en Asiate in die verslag nie apart aangedui nie, maar saam met Bantoes onder Nie-Blanke gegroepeer.

Die totale in die persentasiekolomme is as gevolg van afronding nie altyd pre= sies 100,0 nie en word daarom deurgaans in die verslag as 100 aangegee.

1.2.2 Grensgebied, grensnywerheidsgebied en grensgebiednywerheid

Vir die doeleindes van hierdie studie word die gebiede wat as sodanig deur die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging aangedui word, as grensgebiede beskou. Soms bestaan die gebiede uit hele landdrosdistrikte en in ander gevalle uit 'n sekere deel van 'n landdrosdistrik.

In hierdie grensgebiede kom vervaardigingsnywerhede voor. Hierdie nywerhede word grensgebiednywerhede genoem. In sommige van die grensgebiede word geproklameerde nywerheidsgebiede aangetref. Hierdie geproklameerde nywerheidsgebiede (waarvan die nywerheidsgebied van Phalaborwa 'n voorbeeld is), word dan as grensnywerheidsgebiede beskryf.

1.3 METODE

'n Lys van grensgebieddistrikte is van die Permanente Komitee vir Nywerheidsves= tiging verkry. Vir die opsporing van nywerhede is alle dorpe wat in die grensgebied= distrikte voorkom, vooraf vasgestel. Die plaaslike besture is besoek om te verneem na nywerhede binne die beheerde gebied, asook in die omliggende distrik. Baie hulp is van die Suid-Afrikaanse Polisie in laasgenoemde verband verkry. Werkgewers in die on= derskeie nywerhede was ook baie behulpsaam met die opsporing van nywerhede in hul omge= wing.

'n Opname van alle nywerhede (186) wat in die Oos-Transvaalse grensgebieddistrik= te aangetref is, is gedurende November 1970 onderneem. Alle werkgewers is deur 'n Blan= ke veldwerker met 'n vraelys (sien bylae vir vraelys) genader om die verlangde inlig= ting te verstrek.

2 WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

Die klassifikasie van die sekondêre nywerhede wat in die Oos-Transvaalse grens= gebiede aangetref is, is op die Standard Enterprise Classification Manual van die De= partement van Statistiek gebaseer.

In tabel 2.1 word die nywerhede in die gebied volgens nywerheidsektor en ver= naamste aktiwiteite soos aangetref, verstrek.

In tabel 2.2 word die getal werkgeleenthede volgens nywerheidsektor en volks= groep ontleed en in tabel 2.3 verskyn 'n verdere ontleding volgens distrik.

Die houtnywerheid vul 'n besondere belangrike plek in die nywerheidstruktuur van die opnamegebied want meer as 'n drie-kwart (17185 of 77,2%) van die 22 255 werkge= leenthede kom in dié sektor voor. Die houtnywerheid is veral in twee distrikte, naam= lik Letaba en Pelgrimsrust, gekonsentreer want 11 170 (65,0%) van die werkgeleenthede in dié sektor kom in hierdie twee distrikte voor. Ten spyte van hierdie konsentrasie is die houtnywerheid in al die ander distrikte, met die uitsondering van Messina, in terme van werkverskaffing, nog die belangrikste nywerheid.

Na die houtnywerheid, word die meeste werkgeleenthede 3102 of (13,9%) in die voedselnywerheid aangetref. Die meeste van die werkgeleenthede in hierdie nywerheid= sektor kom in die distrikte Letaba en Nelspruit voor, naamlik 2500 (80,6%) van die 3102 werkgeleenthede in hierdie sektor.

TABEL 2.1

NYWERHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN NYWERHEIDSAKTIWITEITE

| Nywerheidsektor | Aktiwiteit van nywerhede |
|---|---|
| Voedsel en tabak | Vervaardiging van botter, vars room<br>Vervaardiging van lemoensap, gedihidrateerde groente en ingelegde vrugte<br>Graanmeulens en bakkerye<br>Vervaardiging van wyn<br>Brou van Bantoebier<br>Vervaardiging van koeldranke |
| Tekstiel | Pluis van katoen |
| Hout | Saagmeulens vir timmerhout en houtboumateriale<br>Vervaardigers van kassies en kratte<br>Vervaardiging van meubels |
| Papier | Vervaardiging van papier<br>Vervaardiging van kartondose<br>Drukkery en uitgewers |
| Chemikalieë | Vervaardiging van kunsmis<br>Vervaardiging van waskerse<br>Vervaardiging van ghries en olie<br>Vervaardiging van rubbervoerings |
| Metaal | Vervaardiging van staalboumateriale<br>Vervaardiging van vragmotorbakke |

TABEL 2.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP

| Nywerheidsektor | | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| Voedsel en tabak | N | 348 | 22,1 | 2754 | 13,3 | 3102 | 13,9 |
| | % | 11,2 | | 88,8 | | 100 | |
| Tekstiel | N | 8 | 0,5 | 64 | 0,3 | 72 | 0,3 |
| | % | 11,1 | | 88,9 | | 100 | |
| Hout | N | 668 | 43,7 | 16497 | 79,8 | 17185 | 77,2 |
| | % | 4,0 | | 96,0 | | 100 | |
| Papier | N | 233 | 14,8 | 550 | 2,7 | 783 | 3,5 |
| | % | 29,8 | | 70,2 | | 100 | |
| Chemikalieë | N | 80 | 5,1 | 501 | 2,4 | 581 | 2,6 |
| | % | 13,8 | | 86,2 | | 100 | |
| Metaal | N | 219 | 13,9 | 313 | 1,5 | 532 | 2,4 |
| | % | 41,2 | | 58,8 | | 100 | |
| TOTAAL | | 1576 | 100 | 20679 | 100 | 22255 | 100 |
| % | | 7,1 | | 92,9 | | 100 | |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL



TABEL 2.3

WERKGELEENTHEDE VOLGENS DISTRIKTE, NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP

| Nywerheidsektor | Distrikte | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Messina | | Soutpansberg | | Letaba | | Pelgrimsrust | | Witrivier | | Nelspruit | | Lydenburg | | | |
| | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB | B | NB |
| Voedsel en tabak | 13 | 75 | 18 | 121 | 115 | 1083 | 34 | 215 | 3 | 39 | 152 | 1150 | 13 | 71 | 3102 | 13,9 |
| Tekstiel | | | 8 | 64 | | | | | | | | | | | 72 | 0,3 |
| Hout | | | 76 | 1937 | 154 | 4728 | 233 | 6055 | 92 | 2310 | 130 | 1342 | 3 | 125 | 17185 | 77,2 |
| Papier | | | 7 | 1 | 26 | 79 | 2 | | 2 | 1 | 187 | 466 | 9 | 3 | 783 | 3,5 |
| Chemikalieë | | | | | | | 78 | 499 | 2 | 2 | | | | | 581 | 2,6 |
| Metaal | 8 | 6 | 13 | 19 | 33 | 38 | 19 | 29 | 11 | 8 | 134 | 210 | 1 | 3 | 532 | 2,4 |
| TOTAAL | 21 | 81 | 122 | 2142 | 328 | 5928 | 366 | 6798 | 110 | 2360 | 603 | 3168 | 26 | 202 | 22255 | 100 |
| % | 0,1 | 0,4 | 0,5 | 9,6 | 1,5 | 26,6 | 1,6 | 30,5 | 0,5 | 10,6 | 2,7 | 14,2 | 0,1 | 0,9 | | 100 |

Die ander nywerheidsektore speel wat werkverskaffing betref, 'n ondergeskikte rol aangesien slegs 8,8 persent van die bestaande werkgeleenthede in die takke tek= stiel, papier, chemikalieë en metaal aangetref word. Die konsentrasie van werkgeleent= hede in die papier, chemikalieë en tekstielsektore in spesifieke distrikte is te danke aan enkele groot ondernemings in daardie distrik. In die distrikte van Lydenburg en Messina is daar nie juis sprake van nywerheidsontwikkeling nie.

Die verhouding Blanke tot Nie-Blanke werkgeleenthede in die nywerheidsektore is soos volg

| | |
|---|---|
| Hout | 1 : 24,0 |
| Tesktiel | 1 : 8,0 |
| Voedsel en tabak | 1 : 7,9 |
| Chemikalieë | 1 : 6,3 |
| Papier | 1 : 2,4 |
| Metaal | 1 : 1,4 |

Die houtnywerheid, veral saagmeules, soos tans bedryf, verskaf baie werkge= leenthede aan die Nie-Blanke terwyl dit min eise aan Blanke arbeid stel. In hierdie opsig is die houtnywerheid 'n ideale nywerheid vir grensgebiede, sowel as die Bantoe= tuislande self. Die verhouding van Blanke tot Nie-Blanke werkgeleenthede in die dis= trikte wissel na gelang van die soort onderneming wat daar gevestig is.

Die getal nywerhede in terme van die hoeveelheid werkgeleenthede volgens nywer= heidsektor word in tabel 2.4 gegee.

TABEL 2.4

GROOTTE VAN NYWERHEDE IN TERME VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

| Getal werk= geleenthede | Getal nywerhede in nywerheidsektor | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voedsel en tabak | | Tekstiel | | Hout | | Papier | | Chemi= kalieë | | Metaal | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 - 9 | 14 | 26,4 | | | 5 | 5,5 | 5 | 41,7 | 1 | 25,0 | 8 | 32,0 | 33 | 17,7 |
| 10 - 19 | 14 | 26,4 | | | 3 | 3,3 | 3 | 25,0 | | | 13 | 52,0 | 33 | 17,7 |
| 20 - 39 | 11 | 20,8 | | | 11 | 12,1 | 1 | 8,3 | | | | | 23 | 12,4 |
| 40 - 59 | 5 | 9,4 | | | 8 | 8,8 | 1 | 8,3 | 1 | 25,0 | 2 | 8,0 | 17 | 9,1 |
| 60 - 99 | 2 | 3,8 | 1 | 100 | 17 | 18,7 | 1 | 8,3 | | | 2 | 8,0 | 23 | 12,4 |
| 100 - 199 | 4 | 7,5 | | | 17 | 18,7 | | | | | | | 21 | 11,3 |
| 200 - 399 | 1 | 1,9 | | | 19 | 20,9 | | | 2 | 50,0 | | | 22 | 11,8 |
| 400 - 799 | 2 | 3,8 | | | 11 | 12,1 | 1 | 8,3 | | | | | 14 | 7,5 |
| TOTAAL | 53 | 100 | 1 | 10C | 91 | 100 | 12 | 100 | 4 | 100 | 25 | 100 | 186 | 100 |

Gedurende die opname is 186 sekondêre nywerhede in die opnamegebied aangetref. Tabel 2.4 toon dat die grootte van die nywerhede in terme van werkgeleenthede baie van nywerheidsektor tot nywerheidsektor verskil. In sommige van die nywerheidsektore het meer as die helfte van die nywerhede minder as 20 werkgeleenthede, naamlik voedsel en tabak 52,8 persent, papier 66,7 persent en metaal 84,0 persent. Die klein bedrywe in die metaalnywerheid is meesal klein ingenieursfirmas, in die voedselnywerheid is dit bakkerye en in die papiernywerheid meesal drukkersfirmas. Die groter nywerhede in die papiernywerheid is papiermeulens en in die chemiese nywerheid kunsmisvervaardigers. Dit blyk uit tabel 2.4 dat die groter nywerhede, dit wil sê dié met meer as 100 werkne= mers, meestal in die houtnywerheid aangetref word.

## 3 WERKGELEENTHEID VOLGENS BEROEPSGROEP

Die basis vir die indeling van beroepe soos in die Oos-Transvaalse grensgebiede aangetref, word in tabel 3.1 volgens hoofberoepsgroepe, beroepsgroepe en beroepe gegee.

21976

TABEL 3.1

BEROEPE AANGETREF IN DIE OOS-TRANSVAALSE GRENSGEBIEDE VOLGENS BEROEPSGROEP

| Hoofberoepsgroep en beroepsgroep | Beroepe in die Oos-Transvaalse grensgebiede aan=getref |
|---|---|
| PROFESSIONELE WERKERS | |
| Ingenieurs | Ingenieur |
| Natuurwetenskaplikes | Skeikundige |
| Verpleegsters en verwante beroepe | Verpleegster, hulpverpleegster |
| Tegnici en tegniese assistente | Tegnikus (tekenaar, laboratorium) tegniese as=sistente, landbouvoorligter, bosbouer, vleisin=spekteur, houtgradeerder, katoengradeerder, roomgradeerder |
| Onderwysers | Onderwyser |
| Predikante | Predikant |
| Skrywers en kunstenaars | Joernalis, kunstenaar |
| BESTURENDE EN UITVOERENDE WERKERS | |
| Bestuurders en werkende eienaars | Bestuurder, sekretaris, werkende eienaar, teg=niese-, verkoops-, personeel-, hoof-, fabrieks- en produksiebestuurder |
| KLERKLIKE WERKERS | |
| Boekhouers | Boekhouer, rekenmeester, kassier |
| Tiksters | Tikster, telefonis |
| Kantoormasjienbedieners | Kantoormasjienbediener |
| Klerke | Klerke, werkverskaffingsbeampte |
| VERKOOPS- EN VERWANTE WERKERS | |
| Handelsreisigers en Kopers | Handelsreisiger en koper |
| Toonbankassistente | Toonbankassistent |
| VERVOERWERKERS | |
| Spoorvervoerwerkers | Treindrywer |
| Padvervoerwerkers | Bestuurder (bus, motor, vragmotor, ens.) |
| Ander kommunikasiewerkers | Bode |
| WERKERS IN DIENSHOEDANIGHEID | |
| Polisie en verwante werkers | Veiligheidsbeampte |
| Hotel en verwante werkers | Kok, kroegman, kampongbestuurder, gastehuis-op=sigter |
| Diverse werkers | Opsigter |
| AMBAGSMANNE EN VAKLEERLINGE | |
| Ambagsmanne, vakleerlinge en onge=kwalifiseerde ambagsmanne | Gekwalifiseerde en ongekwalifiseerde ambagsman=ne in die volgende ambagte:<br>(a) Elektriese en werktuigkundige ambagte<br>Smid, passer en draaier, sweiser, elektrisiën, ketelmaker, gereedskapmaker<br>(b) Bou- en meubelambagte<br>Messelaar, skrynwerker, skilder, meubelmaker<br>(c) Ander ambagte<br>Boekbinder, drukker, lettersetter, bakker, meulenaar, saagdokter, werkswinkelbestuurder, faktotum |
| VOORMANNE EN TOESIGHOUERS | Voorman en toesighouer |

TABEL 3.1 (VERVOLG)

| Hooberoepsgroep en beroepsgroep | Beroepe in die Oos-Transvaalse grensgebiede aangetref |
|---|---|
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WERKERS | Saagmeuloperateur, saagdokter, trekkerdrywer, hyskraanoperateur, stootskraperoperateur, masjienoperateur, halfgeskoolde werkers, ingenieur- en ambagsassistent, padwerker |
| ARBEIDERS | Arbeider |

In tabel 3.2 word die beroepstruktuur van die arbeidsmag in die sekondêre nywerhede in die gebied volgens nywerheidsektor ontleed.

Tabel 3.2 toon dat die vaardigheidsamestelling van die arbeidsmag, soos weerspieël deur die beroepsamestelling, van nywerheidsektor tot nywerheidsektor verskil. Sommige nywerheidsektore, veral tekstiel, voedsel en tabak en hout maak relatief tot die ander, veel meer van ongeskoolde arbeid gebruik. In die verband moet daar net op gewys word dat daar slegs een firma, 'n katoenpluismeule, onder die tekstielbedryf geklassifiseer is en dat hierdie indiensnemingspatroon nie by gewone tekstielmeulens aangetref word nie. Die papier- en metaalnywerhede maak weer relatief tot ander takke meer van ambagsmanne en vakleerlinge gebruik. Die metaalnywerheid wat 2,4 persent van die totale werkgeleenthede lewer, bied 135 van die 590 (22,9%) werkgeleenthede vir ambagsmanne. Die ooreenstemmende syfers vir die papiernywerheid is 3,5 en 17,8 persent. Die relatief groot persentasie ambagsmanne in die papiernywerheid moet toegeskryf word aan die drukkersbedrywe wat in die opnamegebied voorkom. In dié bedrywe is die verhouding van ambagsmanne tot ander werkers hoog. Dit is verder interessant om daarop te let dat in nywerheidsektore met 'n relatief lae persentasie, arbeiders 'n relatief hoë persentasie ambagsmanne en vakleerlinge voorkom.

Die klem van die beleid van desentralisasie val nog steeds op die skepping van werkgeleenthede vir Bantoes van die tuislande. Uit hierdie oogpunt gesien is die hout en voedsel en tabaknywerheid, soos aangetref in hierdie opnamegebied, skynbaar baie geskik vir plasing in grensgebiede. Dit is waarskynlik, uit 'n mannekragoogpunt, onwenslik om hooggespesialiseerde ge-outomatiseerde nywerhede in grensgebiede te vestig. Dit blyk egter uit tabel 3.2 dat nywerhede binne die breë nywerheidsektore ten opsigte van arbeidsbehoeftes verskil. Die chemiese nywerheid is normaalweg, indien nie geoutomatiseerd nie, dan hoogsgemeganiseerd. Tog is die kunsmisnywerheid soos in die opnamegebied bedryf, baie geskik vir plasing in 'n gedesentraliseerde gebied. Daar word relatief min eise aan hoogopgeleide mannekrag gestel terwyl 'n hoë persentasie ongeskoolde arbeid (65,9%) gebruik kan word.

Die persentasie bestuur en uitvoerende poste in die metaalnywerheid is opvallend hoog in vergelyking met die ander bedrywe, naamlik 6,0 persent teenoor die volgende hoogste persentasie van 2,3 persent. Hierdie situasie is nie te wyte aan die metaalnywerheid as sodanig nie, maar aan die groot getal klein firmas (vergelyk tabel 2.4) in hierdie sektor waarvan werkende eienaars as besturende en uitvoerende werkers geklassifiseer is.

Die tradisionele arbeidspatroon van die Republiek spreek duidelik uit tabel 3.3 waarin die beroepstruktuur van Blanke en Nie-Blanke werkgeleenthede weergegee word.

Daar bestaan geen Blanke werkgeleenthede vir arbeiders nie en geen Nie-Blanke werkgeleenthede vir uitvoerende en besturende personeel nie. Alhoewel 88,5 persent van alle Nie-Blanke werkgeleenthede vir arbeiders bestaan, is die beroepsdiversifikasie wat reeds plaasgevind het, opvallend en word Nie-Blankes in al die beroepsgroepe met uitsondering van besturende en uitvoerende werkers, aangetref. Behalwe arbeiders is daar nog twee beroepsgroepe waar die Blanke aandeel onbeduidend is, naamlik vervoerwerkers (99,5% van die poste vir Nie-Blankes) en werkers in dienshoedanighede (97,1% van die poste vir Nie-Blankes).

Die persentasie poste vir Nie-Blankes in die beroepsgroepe ambagsmanne en vakleerlinge en voormanne en toesighouers (gewoonlik eerste lyn toesighouding) bedra reeds 17,6 en 58,6 persent onderskeidelik.

TABEL 3.2

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR

| Beroepsgroep | Nywerheidsektor | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voedsel en tabak | | Tekstiel | | Hout | | Papier | | Chemikalieë | | Metaal | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 27 | 0,9 | 2 | 2,8 | 38 | 0,2 | 9 | 1,1 | 17 | 2,9 | 5 | 0,9 | 98 | 0,4 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 70 | 2,3 | 1 | 1,4 | 133 | 0,8 | 16 | 2,0 | 10 | 1,7 | 32 | 6,0 | 262 | 1,2 |
| Klerklike werkers | 142 | 4,6 | 3 | 4,2 | 236 | 1,4 | 109 | 13,9 | 25 | 4,3 | 40 | 7,5 | 555 | 2,5 |
| Verkoops- en verwante werkers | 40 | 1,3 | | | 1 | 0,0 | 1 | 0,1 | | | 5 | 0,9 | 47 | 0,2 |
| Vervoerwerkers | 143 | 4,6 | 1 | 1,4 | 374 | 2,2 | 24 | 3,1 | 13 | 2,2 | 4 | 0,8 | 559 | 2,5 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 37 | 1,2 | 1 | 1,4 | 307 | 1,8 | 24 | 3,1 | 15 | 2,6 | 1 | 0,2 | 385 | 1,7 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 80 | 2,6 | | | 235 | 1,4 | 105 | 13,4 | 35 | 6,0 | 135 | 25,4 | 590 | 2,7 |
| Voormanne en toesighouers | 56 | 1,8 | | | 468 | 2,7 | 1 | 0,1 | 9 | 1,5 | 7 | 1,3 | 541 | 2,4 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 83 | 2,7 | 2 | 2,8 | 708 | 4,1 | 48 | 6,1 | 74 | 12,7 | 3 | 0,6 | 918 | 4,1 |
| Arbeiders | 2424 | 78,1 | 62 | 86,1 | 14685 | 85,5 | 446 | 57,0 | 383 | 65,9 | 300 | 56,4 | 18300 | 82,2 |
| TOTAAL | 3102 | 100 | 72 | 100 | 17185 | 100 | 783 | 100 | 581 | 100 | 532 | 100 | 22255 | 100 |

TABEL 3.3

WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN VOLKSGROEP

| Beroepsgroep | | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | N | 69 | 4,4 | 29 | 0,1 | 98 | 0,4 |
| | % | 70,4 | | 29,6 | | 100 | |
| Besturende en uitvoerende werkers | N | 262 | 16,6 | | | 262 | 1,2 |
| | % | 100 | | | | 100 | |
| Klerklike werkers | N | 357 | 22,7 | 198 | 1,0 | 555 | 2,5 |
| | % | 64,3 | | 35,7 | | 100 | |
| Verkoops- en verwante werkers | N | 40 | 2,5 | 7 | 0,03 | 47 | 0,2 |
| | % | 85,1 | | 14,9 | | 100 | |
| Vervoerwerkers | N | 3 | 0,2 | 556 | 2,7 | 559 | 2,5 |
| | % | 0,5 | | 99,5 | | 100 | |
| Werkers in dienshoedanigheid | N | 11 | 0,7 | 374 | 1,8 | 385 | 1,7 |
| | % | 2,9 | | 97,1 | | 100 | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | N | 486 | 30,8 | 104 | 0,5 | 590 | 2,7 |
| | % | 82,4 | | 17,6 | | 100 | |
| Voormanne en toesighouers | N | 224 | 14,2 | 317 | 1,5 | 541 | 2,4 |
| | % | 41,4 | | 58,6 | | 100 | |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | N | 124 | 7,9 | 794 | 3,8 | 918 | 4,1 |
| | % | 13,5 | | 86,5 | | 100 | |
| Arbeiders | N | | | 18300 | 88,5 | 18300 | 82,2 |
| | % | | | 100 | | 100 | |
| TOTAAL | | 1576 | 100 | 20679 | 100 | 22255 | 100 |
| % | | 7,1 | | 92,9 | | 100 | |

Hierdie diversifikasie by die Nie-Blanke geskied hoofsaaklik ten opsigte van die poste vir Nie-Blanke mans soos blyk uit tabel 3.4 waarin die gevulde poste volgens geslag en beroep ontleed word.

TABEL 3.4

GEVULDE POSTE VOLGENS BEROEPSGROEP, VOLKSGROEP EN GESLAG
(a) Blank

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 62 | 5,1 | 3 | 1,2 | 65 | 4,5 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 252 | 20,8 | 9 | 3,7 | 261 | 18,0 |
| Klerklike werkers | 145 | 12,0 | 190 | 78,5 | 335 | 23,1 |
| Verkoops- en verwante werkers | 16 | 1,3 | 22 | 9,1 | 38 | 2,6 |
| Vervoerwerkers | 1 | 0,1 | | | 1 | 0,1 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 9 | 0,7 | 1 | 0,4 | 10 | 0,7 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 409 | 33,8 | 16 | 6,6 | 425 | 29,3 |
| Voormanne en toesighouers | 205 | 16,9 | | | 205 | 14,1 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 111 | 9,2 | 1 | 0,4 | 112 | 7,7 |
| Arbeiders | | | | | | |
| TOTAAL | 1210 | 100 | 242 | 100 | 1452 | 100 |
| % | 83,3 | | 16,7 | | 100 | |

TABEL 3.4 (VERVOLG)

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professionele werkers | 24 | 0,1 | 3 | 0,1 | 27 | 0,1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | |
| Klerklike werkers | 192 | 1,1 | 1 | 0,03 | 193 | 1,0 |
| Verkoops- en verwante werkers | 7 | 0,04 | | | 7 | 0,04 |
| Vervoerwerkers | 535 | 3,2 | | | 535 | 2,7 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 370 | 2,2 | 1 | 0,03 | 371 | 1,9 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 93 | 0,6 | | | 93 | 0,5 |
| Voormanne en toesighouers | 313 | 1,9 | | | 313 | 1,6 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 754 | 4,5 | | | 754 | 3,8 |
| Arbeiders | 14438 | 86,3 | 3114 | 99,8 | 17552 | 88,4 |
| TOTAAL | 16726 | 100 | 3119 | 100 | 19845 | 100 |
| % | 84,3 | | 15,7 | | 100 | |

Nie-Blanke vroue word, met slegs enkele uitsonderings, as arbeiders in diens geneem. Blanke vroue werk weer hoofsaaklik as klerke (78,5%). Die 16 vroue in die ambagsman-kategorie is in die drukkersbedryf werksaam.

## 4 ARBEIDSTEKORTE

In tabel 4.1 word die ongevulde poste, dit wil sê die arbeidstekorte volgens beroep en volksgroep ontleed.

TABEL 4.1

ARBEIDSTEKORTE VOLGENS BEROEPS- EN VOLKSGROEP

| Beroepsgroep | Volksgroep | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Blank | | Nie-Blank | |
| | N | % van werk= geleentheid | N | % van werk= geleentheid |
| Professionele werkers | 4 | 5,8 | 2 | 6,9 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 1 | 0,4 | | |
| Klerklike werkers | 22 | 6,2 | 5 | 2,5 |
| Verkoops- en verwante werkers | 2 | 5,0 | | |
| Vervoerwerkers | 2 | 66,7 | 21 | 3,8 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 1 | 9,1 | 3 | 0,8 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 61 | 12,6 | 11 | 10,6 |
| Voormanne en toesighouers | 19 | 8,5 | 4 | 1,3 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 12 | 9,7 | 40 | 5,0 |
| Arbeiders | | | 748 | 4,1 |
| TOTAAL | 124 | 7,9 | 834 | 4,0 |

Van die 1576 werkgeleenthede vir Blankes was 124 (7,9%) poste vakant terwyl die getal Nie-Blanke vakante poste op 834 (4,0%) te staan gekom het. Van die Blanke vaka= tures was 61 (49,2%) vir ambagsmanne en vakleerlinge. Hierdie tekort verteenwoordig 12,6 persent van die werkgeleenthede vir die beroepsgroep en kan seker as die knellend= ste arbeidstekort beskou word omdat tekorte aan ambagsmanne landswyd ondervind word. Die tekorte aan vervoerwerkers beloop weliswaar 66,7 persent van die werkgeleenthede. Numeries is die tekorte maar 2, sodat geen aandag daaraan gegee kan word nie.

Daar bestaan 'n groot getal vakatures (748) vir Nie-Blanke arbeiders. In welke mate arbeidsomset en loonpeile in die veroorsaking van hierdie tekorte 'n rol speel, is nie bekend nie. Gesien die groot getal Bantoes in die tuislande, behoort daar nie 'n tekort aan arbeiders te wees nie. Werkgewers het egter gedurende die opname gekla oor

'n groot en stremmende arbeidsomset onder die arbeiderskategorie.

## 5 WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE

Die term "kwalifikasievereiste" dui op die minimum kwalifikasie waaroor 'n aspirant-werknemer moet beskik om in 'n pos aangestel te word en wat deur die werkgewers vereis word. Kwalifikasie verwys ook hoofsaaklik na die peil van formele opleiding wat bereik moet word. Wat ambagsmanne betref word die opleiding as ambagsman dus nie in berekening gebring nie alhoewel die opleiding in die spesifieke ambagsrigtings natuurlik vereis word. Werkgewers is gevra om ook die ideale kwalifikasie waaroor 'n werknemer moet beskik, aan te dui. Die reaksie op hierdie vraag was egter so swak dat daar nie oor gerapporteer word nie.

In tabel 5.1 word die werkgeleenthede volgens kwalifikasievereiste, beroeps- en volksgroep ontleed.

TABEL 5.1

WERKGELEENTHEDE VOLGENS KWALIFIKASIEVEREISTE, BEROEPSGROEP EN VOLKSGROEP

(a) Blank

| Beroepsgroep | Kwalifikasievereiste | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | Tot st.5 | St.6 tot st.7 | St.8 tot st.9 | St.10 | B-grade | Ander | N | % |
| Professionele werkers | | | 4 | 6 | 46 | 13 | | 69 | 4,4 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | 62 | 140 | 27 | 33 | 262 | 16,6 |
| Klerklike werkers | | | | 258 | 95 | 4 | | 357 | 22,7 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | 21 | 16 | | 3 | 40 | 2,5 |
| Vervoerwerkers | | | | | | | 3 | 3 | 0,2 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | 1 | 8 | 2 | | | 11 | 0,7 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 11 | 464 | 11 | | | 486 | 30,8 |
| Voormanne en toesighouers | | | 26 | 143 | 51 | | 4 | 224 | 14,2 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | 1 | 31 | 73 | 8 | | 11 | 124 | 7,9 |
| Arbeiders | | | | | | | | | |
| TOTAAL | | 1 | 73 | 1035 | 369 | 44 | 54 | 1576 | 100 |
| % | | 0,1 | 4,6 | 65,7 | 23,4 | 2,8 | 3,4 | 100 | |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Geen | Tot st.5 | St.6 tot st.7 | St.8 tot st.9 | St.10 | B-grade | Ander | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | | 1 | 2 | 8 | 16 | | 2 | 29 | 0,1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | 1 | 61 | 124 | 12 | | | 198 | 1,0 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | 6 | 1 | | | | 7 | 0,03 |
| Vervoerwerkers | 5 | 9 | 11 | | | | 531 | 556 | 2,7 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 1 | 275 | 5 | | | | 93 | 374 | 1,8 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 2 | 1 | 35 | 32 | 2 | | 32 | 104 | 0,5 |
| Voormanne en toesighouers | | 58 | 150 | 3 | | | 106 | 317 | 1,5 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 27 | 289 | 70 | 50 | | | 358 | 794 | 3,8 |
| Arbeiders | 17287 | 271 | | | | | 742 | 18300 | 88,5 |
| TOTAAL | 17322 | 905 | 340 | 218 | 30 | | 1864 | 20679 | 100 |
| % | 83,8 | 4,4 | 1,6 | 1,1 | 0,1 | | 9,0 | 100 | |

Vir alle werkgeleenthede vir Blankes word 'n kwalifikasievereiste gestel. Die kwalifikasiekategorie "ander" beteken dat die werkgewer geen spesifieke vereiste wou aandui nie en slegs verklaar het dat 'n werker oor die nodige ervaring moes beskik om sy werk bevredigend te kan doen. By die Blankes word hierdie vereiste in die meeste gevalle (33 uit 54) vir besturende en uitvoerende werkers gestel. Vir die meeste werkgeleenthede vir Blankes (1035 of 65,7%) word 'n kwalifikasievereiste van st.8 tot st.9 verlang en die vereiste kom die meeste in die beroepsgroep ambagsmanne en vakleerlinge (464) en klerklike werkers (258) voor. 'n Kwalifikasie van st.8 tot st.9 word in die meeste gevalle in al die beroepsgroepe, behalwe die beroepsgroepe professionele en be=

sturende en uitvoerende werkers as voldoende beskou. Vir laasgenoemde twee beroepsgroe= pe is 'n st.10-kwalifikasie meestal voldoende. Van die 44 werkgeleenthede waarvoor 'n B-graad vereis word, is 27 in die beroepsgroep besturende en uitvoerende werkers en slegs 4 in die beroepsgroep klerklike werkers. In die professionele groep is dit slegs vir die enkele ingenieur, skeikundige, onderwyser, ensovoorts (kyk tabel 3.1) waar universiteitsopleiding as noodsaaklik beskou word. Die meeste van die professionele werkers waarvoor st.10 as vereiste gestel word, is tegnici.

Vir die oorgrote meerderheid van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes word geen kwalifikasievereiste gestel nie (83,8%). Die kwalifikasievereiste "ander" word by 1864 (9,0%) van die werkgeleenthede genoem. Dit toon die groot waarde wat aan erva= ring, met ander woorde, indiensopleiding geheg word. Veral in die beroepsgroep opera= teurs en halfgeskooldes en vervoerwerkers word hierdie vereistes gestel. Byna al die operateurs word uit die ongeskoolde arbeiders getrek waar hulle die nodige ervaring met verbandhoudende werk opgedoen het. Uit die operateursgroep word dan weer baie van die voormanne getrek. Die meeste van die vervoerwerkers is vragmotorbestuurders waar 'n bestuurderslisensie 'n vereiste is.

In die geval van die Nie-Blankes word 'n duidelike kwalifikasievereiste slegs by 7,2 persent gestel. In die meeste gevalle (4,4%) word 'n vermoë om te kan lees en skryf, vereis, dit wil sê opleiding tot ongeveer standerd 5. Hierdie vereiste word veral gestel vir die beroepsgroepe operateurs en halfgeskooldes (70,7% van die poste waarvoor 'n duidelike kwalifikasievereiste gestel word), en werkers in dienshoedanig= hede (98,2%). Die operateurs moet in baie gevalle oor hierdie vermoë beskik om me= tings in 'n verskeidenheid van situasies te kan neem, en die veiligheidsbeamptes (ge= klassifiseer onder dienswerkers) moet ook meestal in staat wees om te kan lees en skryf. Dit blyk duidelik uit tabel 5.1 dat namate beroepsdiversifikasie plaasvind, formele op= leiding 'n rol begin speel. Vir die 2379 nie-arbeiderwerkgeleenthede word vir 1493 (62,8%) wel een of ander vorm van formele opleiding vereis.

In tabel 5.2 volg 'n verdere verdeling van die kwalifikasievereiste st.6 tot st.10 volgens skolastiese en beroepsopleiding.

TABEL 5.2

KWALIFIKASIEVEREISTE ST.6 TOT ST.10 VOLGENS SKOLASTIESE EN BEROEPSOPLEIDING EN VOLKS= GROEP

| Kwalifikasievereiste | Blank | | Nie-Blank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| St. 6 tot st. 7 (skolasties) | 67 | 4,5 | 321 | 54,6 | 388 | 18,6 |
| St. 6 tot st. 7 + beroepsopleiding | 6 | 0,4 | 19 | 3,2 | 25 | 1,2 |
| St. 8 tot st. 9 (skolasties) | 575 | 38,9 | 186 | 31,6 | 761 | 36,9 |
| St. 8 tot st. 9 + beroepsopleiding | 460 | 31,1 | 32 | 5,4 | 492 | 23,8 |
| St. 10 (skolasties) | 284 | 19,2 | 27 | 4,6 | 311 | 15,1 |
| St. 10 + beroepsopleiding | 85 | 5,8 | 3 | 0,5 | 88 | 4,3 |
| TOTAAL | 1477 | 100 | 588 | 100 | 2065 | 100 |

Vir die meeste (926 of 62,7%) van die 1477 werkgeleenthede vir Blankes waarvoor hoërskoolopleiding vereis word, word 'n skolastiese kwalifikasie vereis, terwyl vir 551 (37,3%) werkgeleenthede skolastiese plus beroepsopleiding vereis word. Waar beroeps= opleiding as vereiste gestel word, is dit gewoonlik vir een of ander ambagsrigting, dit wil sê 'n voltooide vakleerlingskap.

Van die 588 werkgeleenthede vir Nie-Blankes waarvoor hoërskoolopleiding vereis word, word vir 534 (90,8%) 'n skolastiese kwalifikasie vereis terwyl vir slegs 54 (9,2%) werkgeleenthede skolastiese plus beroepsopleiding vereis word.

## 6 GROEI IN WERKGELEENTHEDE

Die groei in werkgeleenthede is vir twee tydperke bepaal. Werkgewers is gevra om die getal persone in hul diens 'n jaar voor die datum van opname te verstrek. Werk=

gewers is ook gevra om aan te dui wat volgens hulle mening die groei in indiensneming by hul organisasies tot en met 1973 sal wees. Al die werkgewers behalwe die paar wat 'n jaar gelede nog nie bestaan het nie, het inligting oor eersgenoemde aspek verstrek. Nie alle werkgewers het op die vraag oor die indiensneming in 1973 'n vooruitskatting gewaag nie.

## 6.1 GROEI IN WERKGELEENTHEDE NOVEMBER 1969 TOT NOVEMBER 1970

Die groei in werkgeleenthede volgens nywerheidsektor en volksgroep vir die tyd= perk 1969 tot 1970 word in tabel 6.1 gegee.

TABEL 6.1

GROEI IN WERKGELEENTHEDE NOVEMBER 1969 - NOVEMBER 1970 VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKS= GROEP

(a) Blank

| Nywerheidsektor | Werkgeleenthede | | Toename | Groeikoers per jaar |
|---|---|---|---|---|
| | 1969 | 1970 | | |
| Voedsel en tabak | 263 | 348 | 85 | 32,3 |
| Tekstiel | 7 | 8 | 1 | 14,3 |
| Hout | 585 | 688 | 103 | 17,6 |
| Papier | 211 | 233 | 22 | 10,4 |
| Chemikalieë | 62 | 80 | 18 | 29,0 |
| Metaal | 177 | 219 | 42 | 23,7 |
| TOTAAL | 1305 | 1576 | 271 | 20,8 |

(b) Nie-Blank

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Voedsel en tabak | 2224 | 2754 | 530 | 23,8 |
| Tekstiel | 75 | 64 | -11 | -14,7 |
| Hout | 14280 | 16497 | 2217 | 15,5 |
| Papier | 522 | 550 | 28 | 5,4 |
| Chemikalieë | 432 | 501 | 69 | 16,0 |
| Metaal | 293 | 313 | 20 | 6,8 |
| TOTAAL | 17826 | 20679 | 2853 | 16,0 |

Vir die Blankes sowel as die Nie-Blankes was die hoogste groei in werkgeleent= hede in die voedsel- en tabaknywerheid naamlik 32,2 en 23,8 persent respektiewelik. Numeries was die grootste toename in werkgeleenthede egter in die houtnywerheid met 103 werkgeleenthede vir Blankes en 2217 vir Nie-Blankes. Die totale groei in werkge= leenthede vir Blankes (20,8%) was hoër as dié vir Nie-Blankes (16,0%). In die Ekonomie= se Ontwikkelingsprogram van 1968-1973 vir die land as geheel, word die toename van ar= beid vir die programmeringstydperk op 3,3 persent geraam. Groei in werkgeleenthede in die twee genoemde grensgebiede was dus besonder hoog.

## 6.2 VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VIR DIE TYDPERK 1970 TOT 1973

Slegs gegewens van dié werkgewers wat wel 'n vooruitskatting wou waag, is vir die bespreking van die groei in werkgeleenthede vir die tydperk 1970 tot 1973 in aanmerking geneem. Om hierdie rede verskil die syfers vir 1970 in tabelle 5.2 tot 5.4 van ander tabelle in hierdie verslag. Die werkgewers wat wel 'n raming gegee het, verteenwoordig sowat 91 persent van die totale werkgeleentheid.

Die verwagte groei in werkgeleenthede volgens nywerheidsektor en volksgroep word in tabel 6.2 gegee.

TABEL 6.2

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN VOLKSGROEP 1970-1973

(a) Blank

| Nywerheidsektor | Werkgeleenthede | | Toename | Groeikoers per jaar |
|---|---|---|---|---|
| | 1970 | 1973 | | |
| Voedsel en tabak | 342 | 409 | 67 | 6,5 |
| Tekstiel | 8 | 8 | | |
| Hout | 631 | 673 | 42 | 2,2 |
| Papier | 225 | 261 | 36 | 5,3 |
| Chemikalieë | 41 | 50 | 9 | 7,3 |
| Metaal | 191 | 239 | 48 | 8,4 |
| TOTAAL | 1438 | 1640 | 202 | 4,7 |

(b) Nie-Blank

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Voedsel en tabak | 2699 | 3279 | 580 | 7,2 |
| Tekstiel | 64 | 64 | | |
| Hout | 14981 | 16293 | 1312 | 2,9 |
| Papier | 499 | 520 | 21 | 1,4 |
| Chemikalieë | 315 | 418 | 103 | 10,9 |
| Metaal | 261 | 355 | 94 | 12,0 |
| TOTAAL | 18819 | 20929 | 2110 | 3,7 |

Die hoogste verwagte persentasie groei in werkgeleenthede vir Blank en Nie-Blank is in die metaalnywerheid (8,4% en 12,0%) gevolg deur die chemiese nywerheid (7,3% en 10,9%). Behalwe vir die groei in werkgeleenthede in die papiernywerheid is die verwagte groei in werkgeleenthede vir Nie-Blankes hoër as dié vir Blankes. Die ge=middelde persentasie groei in werkgeleenthede vir Blankes (4,7%) oor die tydperk is egter hoër as dié vir Nie-Blankes (3,7%). Hierdie verwagte groei in werkgeleenthede is egter baie laer as die gemiddelde groei wat vir die tydperk 1969 tot 1970 ondervind was.

Groei in werkgeleentheid wat sal ontstaan as gevolg van nywerhede wat tans nog nie bestaan nie, is nie hier in aanmerking geneem nie. Besondere aandag word tans vol=gens die 1970-Jaarverslag van die Permanente Komitee aan Phalaborwa gegee. Wat die uitwerking van hierdie poging op werkgeleentheid sal wees, is onbekend.

In tabel 6.3 word die verwagte groei in werkgeleenthede met beroep en volks=groep in verband gebring.

Die grootste toename in werkgeleenthede vir Blankes word in die beroepsgroep ambagsmanne en vakleerlinge (94) verwag, en dan volg 'n toename van 43 in die beroeps=groep klerklike werkers. Hierteenoor is die grootste toename in werkgeleenthede vir Nie-Blankes in die beroepsgroepe arbeiders (1831) en operateurs en halfgeskoolde wer=kers (151). Die vinnigste groei in werkgeleenthede word vir Blankes in die beroeps=groep vervoerwerkers (33,3%) en vir Nie-Blankes in die beroepsgroep ambagsmanne en vak=leerlinge (11,3%) verwag. Numeries is die toename egter maar klein (3 en 19 respektie=welik) en geen gevolgtrekkings kan dus gemaak word nie.

Indien die groei in werkgeleenthede van 3,8 persent per jaar (Blank en Nie-Blank saam bereken) as van toepassing op al die nywerhede beskou kan word, sal daar teen 1973 ongeveer 24 700 werkgeleenthede in die bestaande nywerhede wees. Dit bete=ken die skepping van ongeveer 2500 bykomende poste (200 vir Blankes en 2300 vir Nie-Blankes) oor die tydperk wat neerkom op ongeveer 70 poste vir Blankes en 780 poste vir Nie-Blankes per jaar. Groei in werkgeleentheid in die sekondêre nywerheid as ge=volg van die ontstaan van nuwe ondernemings kon nie bereken word nie aangesien daarop nie ingegaan is nie.

TABEL 6.3

VERWAGTE GROEI IN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP 1970-1973

(a) Blank

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede 1970 | Werkgeleenthede 1973 | Toename | Groeikoers per jaar |
|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | 65 | 71 | 6 | 3,1 |
| Besturende en uitvoerende werkers | 228 | 241 | 13 | 1,9 |
| Klerklike werkers | 342 | 385 | 43 | 4,2 |
| Verkoops- en verwante werkers | 37 | 45 | 8 | 7,2 |
| Vervoerwerkers | 3 | 6 | 3 | 33,3 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 11 | 11 | | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 427 | 521 | 94 | 7,3 |
| Voormanne en toesighouers | 216 | 243 | 27 | 4,2 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 109 | 114 | 5 | 1,5 |
| Arbeiders | | 3 | 3 | |
| TOTAAL | 1438 | 1640 | 202 | 4,7 |

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Werkgeleenthede 1970 | Werkgeleenthede 1973 | Toename | Groeikoers per jaar |
|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | 28 | 32 | 4 | 4,8 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | |
| Klerklike werkers | 178 | 197 | 19 | 3,6 |
| Verkoops- en verwante werkers | 7 | 8 | 1 | 4,8 |
| Vervoerwerkers | 497 | 538 | 41 | 2,7 |
| Werkers in dienshoedanigheid | 348 | 369 | 21 | 2,0 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 56 | 75 | 19 | 11,3 |
| Voormanne en toesighouers | 289 | 312 | 23 | 2,7 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 668 | 819 | 151 | 7,5 |
| Arbeiders | 16748 | 18579 | 1831 | 3,6 |
| TOTAAL | 18819 | 20929 | 2110 | 3,7 |

In tabel 6.4 word die kwalifikasievereiste wat vir die verwagte nuwe poste ge= stel word, aangedui.

TABEL 6.4

VERWAGTE VERMEERDERING VAN WERKGELEENTHEDE VOLGENS BEROEPSGROEP EN KWALIFIKASIEVEREISTE EN VOLKSGROEP

(a) Blank

| Beroepsgroep | Kwalifikasievereiste: Geen | Tot st.5 | St.6 tot st.7 | St.8 tot st.9 | St.10 | B-grade | Ander | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professionele werkers | | | | 1 | 5 | | | 6 | 3,0 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | 11 | 2 | | 13 | 6,4 |
| Klerklike werkers | | | | 23 | 20 | | | 43 | 21,3 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | 1 | 7 | | | 8 | 4,0 |
| Vervoerwerkers | | | | | | | 3 | 3 | 1,5 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | | | | | | | | |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 11 | 79 | 4 | | | 94 | 46,5 |
| Voormanne en toesighouers | | | 1 | 18 | 8 | | | 27 | 13,4 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | | | | 3 | 2 | | | 5 | 2,5 |
| Arbeiders | 3 | | | | | | | 3 | 1,5 |
| TOTAAL | 3 | | 12 | 125 | 57 | 2 | 3 | 202 | 100 |
| % | 1,5 | | 5,9 | 61,9 | 28,2 | 1,0 | 1,5 | 100 | |

TABEL 6.4 (VERVOLG)

(b) Nie-Blank

| Beroepsgroep | Kwalifikasievereiste | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | Tot st.5 | St.6 tot st.7 | St.8 tot st.9 | St.10 | B-grade | Ander | N | % |
| Professionele werkers | | | | | 4 | | | 4 | 0,2 |
| Besturende en uitvoerende werkers | | | | | | | | | |
| Klerklike werkers | | | 3 | 14 | 2 | | | 19 | 0,9 |
| Verkoops- en verwante werkers | | | | 1 | | | | 1 | 0,04 |
| Vervoerwerkers | 1 | 1 | 1 | | | | 38 | 41 | 1,9 |
| Werkers in dienshoedanigheid | | 9 | 2 | | | | 10 | 21 | 1,0 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | | | 7 | 12 | | | | 19 | 0,9 |
| Voormanne en toesighouers | | 3 | 12 | | | | 8 | 23 | 1,1 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers | 6 | 15 | 9 | 20 | | | 101 | 151 | 7,2 |
| Arbeiders | 1613 | 7 | | | | | 211 | 1831 | 86,8 |
| TOTAAL | 1620 | 35 | 34 | 47 | 6 | | 368 | 2110 | 100 |
| % | 76,8 | 1,7 | 1,6 | 2,2 | 0,3 | | 17,4 | 100 | |

Om enige afleiding te maak, moet die gegewens van tabel 5.4 met dié van tabel 5.1 vergelyk word. Die kwalifikasievereiste wat vir die nuwe poste (tabel 5.4) gestel word, verskil wel in 'n mate van die vereistes wat vir bestaande poste (tabel 5.1) geld.

In die geval van die nuwe poste vir Blankes word st.10 meer kere by die nuwe poste as by die bestaande poste as vereiste genoem (28,2 persent teenoor 23,4 persent). Die kwalifikasievereiste van st.8 tot st.9 word weer minder by die nuwe poste genoem (61,9 teenoor 65,7%) terwyl die st.6- tot st.7-vereiste weer meer kere gestel word (5,9 teenoor 4,6%). Daar kan derhalwe nie afgelei word dat 'n hoër kwalifikasievereis= te vir die nuwe poste as vir die bestaande poste gestel word nie. Hoër vereistes word wel in sommige van die beroepsgroepe gestel. So word st.10 by 20 van die 43 nuwe klerklike poste (46,5%) as vereiste gestel teenoor die 95 van die 357 bestaande (26,6%) klerklike poste.

Wat die Nie-Blankes betref word by 'n groter persentasie van die nuwe poste wel 'n vereiste van een of ander aard gestel. Hierdie vereiste is egter in die meeste ge= valle nie 'n formele kwalifikasiepeil nie maar die vereiste "ander". Hierdie vereiste geld vir 17,4 persent van die nuwe poste teenoor 9,0 persent van die bestaande poste. Veral opmerklik is dat hierdie vereiste vir die arbeiders in bestaande poste glad nie genoem is nie terwyl dit by die 1831 nuwe poste vir arbeiders 211 keer (11,5%) genoem word.

## 7 SAMEVATTING

'n Opname van die werkgeleenthede in sekondêre nywerhede in die Blankegebiede van die distrikte Messina, Soutpansberg, Letaba, Pelgrimsrust, Witrivier, Nelspruit en Lydenburg is gedurende November 1970 onderneem. Tuislande van verskeie volksgroepe grens aan hierdie Blankegebiede. Die vernaamste bevindings is die volgende:

(a) Daar is 22 255 werkgeleenthede in die 186 sekondêre nywerheidsonderne= mings in die gebied waarvan meer as 'n kwart (26,6%) in Letaba-distrik voorkom. Van die 186 ondernemings het 66 (35,4%) minder as 20 werknemers en 36 (19,3%) het 200 of meer werknemers elk in diens.

(b) Die houtnywerheid is in terme van werkgeleentheid (17 185 of 77,2%) die oorheersende nywerheid in al die distrikte met uitsondering van Messina.

(c) Van die 22 255 werkgeleenthede is 1576 (7,1%) vir Blankes en 20 679 (92,9%) vir Nie-Blankes, wat 'n verhouding van Blank tot Nie-Blank van 1 : 13 lewer. Die verhouding wissel egter van 1 : 24,0 in die hout- tot 1 : 1,4 in die metaalnywer= heid.

(d) Alhoewel die oorgrote meerderheid van die werkgeleenthede vir Nie-Blankes vir arbeiders is, vind 'n mate van beroepsdiversifikasie reeds plaas en bestaan daar 'n aansienlike getal werkgeleenthede vir Nie-Blanke klerke (198), voormanne en toesig= houers (317) vervoerwerkers (556) en operateurs en halfgeskooldes (795).

(e) Die beroepstruktuur in die verskillende nywerheidsektore verskil aanmerk= lik. In die hout-, voedsel- en tabak- en tekstielbedrywe, word relatief meer arbei= ders gebruik as in die papier-,chemiese en metaalnywerheid.

(f) Aanmerklike arbeidstekorte by Blankes bestaan (124 of 7,9% van die werk= geleentheid) waarvan die tekort aan ambagsmanne en vakleerlinge die belangrikste is. Die tekort aan Nie-Blankes beloop 834 of 4,0 persent van die werkgeleentheid.

(g) 'n Kwalifikasievereiste word by Blankes vir al die werkgeleenthede gestel en die een wat die meeste voorkom, is st.8 tot st.9 wat vir 1035 of 65,7 persent van die gevalle gestel word. By werkgeleenthede vir Nie-Blankes word 'n kwalifikasiever= eiste vir 3357 of 16,2 persent van die gevalle gestel. Van hierdie 3357 gevalle is daar egter 1864 werkgeleenthede (9%) waarvoor geen ander vereiste as ervaring gestel word nie. Van die oorblywende 1493 werkgeleenthede (7,2%) waarvoor 'n formele kwalifi= kasie vereis word, word die vereiste "tot st.5", dit wil sê basies 'n vermoë om te kan lees en skryf, vir 60,6 persent (905) van die werkgeleenthede gestel.

(h) Werkgeleenthede by bestaande nywerhede het tussen 1969 en 1970 met 20,8 persent vir Blankes en 16,0 persent vir Nie-Blankes toegeneem. Na die werkgewers ver= wag sal die toename vir die 3 jaar (1970-1973) 4,7 persent per jaar vir Blankes en 3,7 persent per jaar vir Nie-Blankes wees. Die grootste groei in werkgeleenthede geduren= de hierdie tydperk word in die chemiese en metaalnywerheid verwag. Daar word 'n rela= tief lae groeikoers, 2,2 persent per jaar vir Blankes en 2,9 persent per jaar vir Nie-Blankes in die houtnywerheid verwag. Die verwagte groei in die houtnywerheid lewer egter nog numeries die meeste nuwe poste.

Poste wat as gevolg van die totstandkoming van nuwe nywerhede geskep sal word, is nie in berekening gebring nie, vandaar die oënskynlike lae groeikoerse vir 1970-1973 in vergelyking met 1969-1970. Verder het sommige werkgewers nie gegewens oor verwagte groei verstrek nie, maar dié wat dit wel gedoen het, verteenwoordig sowat 91 persent van die totale werkgeleentheid in 1970. Indien die verwagte groeikoers van 1970-1973 op alle bestaande nywerhede in die gebied van toepassing gemaak word, kom dit neer op 'n jaarlikse groei van 70 nuwe poste vir Blankes en 780 nuwe poste vir Nie-Blankes. 'n Raming van die groei in werkgeleentheid vanweë totstandkoming van nuwe nywerhede in hierdie grensgebiede, is in hierdie stadium nie moontlik nie.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Telegramme : "RAGEN"
Telefoon : 28831 Bylyn: 82

PRIVAATSAK X 41,

PRETORIA.

Instituut: Mannekragnavorsing
Navrae: P. Hartman

Verw. N/2/2/3

MANNEKRAGOPNAME : GRENSGEBIEDNYWERHEDE

Geagte Werkgewer,

Sal u so vriendelik wees om hierdie vraelys ten opsigte van u organisasie in te vul.

Voordele vir u: 1. Dit gee u die geleentheid om u behoeftes aan werknemers te stel.
2. Dit gee die owerhede geleentheid om u behoeftes aan werknemers te leer ken.

Stuur asseblief die voltooide vraelys in die ingeslote koevert terug.

Dankie vir u samewerking.

PRESIDENT

[ ] Vraelysnommer (1-4)

1. Naam en adres van onderneming ....................................
....................................
....................................
....................................
2. Datum ..........................(5-6)
3. Gebied ..........................(7-8)

4. Soort besigheid ....................................
..................................(9-11)
5. Datum van oprigting............(12-13)
6. Hulp van staatsweë ontvang ..........
....................................
..................................(14)
7. Die totale getal werknemers wat 1 jaar gelede by u gewerk het insluitende uself

| Blank | Bantoe | Ander |
|---|---|---|
| | | |
| (15-18) | (19-22) | (23-26) |

8. Kommentaar ..........................
....................................
....................................
....................................
....................................
....................................

VOLTOOI ASSEBLIEF ITEMS 9-18 OP KEERSY

## BESTAANDE BEROEPE

| 9 | 10 | | | | | | 11 | | 12 | | 13 | 14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam van elke beroep in u onderneming, bv. eienaar, klerk, mes= selaar, arbeider | Getal persone in diens by u onder= neming vir elke beroep in kolom 9 | | | | | | Getal persone wat u tans addisioneel tot dié in kolom 10 in diens kan neem | | Getal bykomende poste oor 3 jaar vir elke beroep in kolom 9 | | Minimum opvoedkundige kwalifikasievereistes vir elke beroep | Ideale opvoedkun= dige kwalifika= sievereistes vir elke beroep |
| | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | | | | |
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik | B | NB | B | NB | | |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| (27-29) | (30-32) | (33-35) | (36-38) | (39-41) | (42-44) | (45-47) | (48-50) | | (51-53) | | (54-56) | (57-59) (60-62) |

## TOEKOMSTIGE BEROEPE

| 15 | 16 | | 17 | 18 |
|---|---|---|---|---|
| Nuwe beroepe wat in die volgende 3 jaar gaan ontstaan | Die getal poste wat vir elk van die nuwe beroepe in die volgende 3 jaar gaan ontstaan | | Die minimum opvoedkundige kwalifikasievereistes vir elke nuwe beroep | Die ideale opvoedkundige kwalifikasievereistes vir elke nuwe beroep |
| | B | NB | | |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| ................ | ........ | ........ | ........ | ................ |
| (27-29) | (51-53) | | (54-56) | (57-59) (60-62) |

**VIR KANTOORGEBRUIK**

| | | |
|---|---|---|
| 68 | 69 | 70 |
| 71 | 72 | 73 |
| 74 | 75 | 76 |

Projeknommer

MM 21 (77-80)

ANDER RGN-PUBLIKASIES

GESKIEDENIS

G-1/Van Dyk, J.H./Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika/1972/R2,50

INLIGTING

Humanitas, Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe/Verskyn minstens twee keer per jaar/R1,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie behalwe in Desember, met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/R0,65

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/ R1,10

IN-4/Waardebepaling van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1972/R0,65

IN-6/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15

IN-8/Stimie, C.M./Algemene inligting/1971/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van Navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in the RSA/1970/R0,50 (slegs Engels)

IN-14/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/1971/R2,15

KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/R1,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/ R0,40

MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/ 1969/R0,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/R0,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie van die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuisland/1970/R0,90

MM-12/Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/1970/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973/1970/R0,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1,85

MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960/1971/R1,00

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50

MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/R3,35

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50

MM-25/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Blanke mannekrag, 1973/1971/R1,35

MM-27/Boshoff, F./Die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971/1971/R1,00

MM-29/Boshof, F./Werkgeleenthede in die Noord-Sothogrensgebiede/1972/R0,70

MM-30/Hartman,P./Werkgeleenthede in die grensgebiede naby die Tswanatuisland/1972/R0,70

MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65

MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70

MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50

MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/1970/R0,55

MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50

MT-6/Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses- seuns/1971/R0,60

MT-7/Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0-60

MT-8/Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1971/R0-55c

NAVORSINGSONTWIKKELING

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis

Nord-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE

O-1/Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/R2,05

O-3/Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4/Spies, P.G. van Z/'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5/Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6/Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig ) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8/Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966 /1971/ R0,65

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/ R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Volledige weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971

PSIGOMETRIKA

Katalogus (Toetse vir Blankes)/1972/Gratis

Katalogus (Toetse vir Nie-Blanke volksgroepe)/1970/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85.

P-4/Madge, E.M./Angs by psigopatiese en nie-psigopatiese gevangenes/1971/ R0,60

SOSIOLOGIE

S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4/Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6/Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7/Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40/(slegs Engels)

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95/(Slegs Engels)

STATISTIEK

WS-1/Kies, J.D./Verantwoorde Onderwysstatistiek/1971/R3,70

WS-3/Van Rensburg, F.A.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Nie-Blankes)/1972/R1,75

WS-4/Uys,C.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Blankes)/1972/R2,40

TAAL, LETTERE EN KUNS

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1971/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis

Raper, P.E./Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum/1972/Gratis

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

ISBN 0 86965 063 7